

Welkom op Sakeplein

Welkom op Sakeplein

Indien jy hierdie lees is jy een van 'n baie spesiale groep mense: die eerste gebruikers van Sakeplein. Jy ontvang, vóór die amptelike bekendstelling in Oktober, volle toegang tot kerndele van Sakeplein se funksionaliteit.

Wat is Sakeplein?

Sakeplein is 'n digitale besigheidsplatform, 'n plek waar sakegemeenskappe en sakelui saam waarde skep en wins maak.

Sakeplein is 'n vermenigvuldig sakegemeenskappe en sakeondernemings digitaal: Dit is waar jy jou netwerke uitbrei en besigheid doen. Waar jy betroubare ondernemings vind en self ook 'n reputasie opbou. Waar jy jou onderneming lys. Waar jy by jou plaaslike sakekamer inskakel.

Wat jy tans op Sakeplein sien is net die begin.



Terugvoering? Asseblief!

In ruil vir die gebruik van Sakeplein, terwyl ons dit verder ontwikkel, het ons slegs een versoek: Laat weet ons asseblief wat jy dink.

Ons hoor graag idees, voorstelle, kritiek – enigiets wat jy dink kan help om Sakeplein waardevol vir jou sakegemeenskap en jou sakebedrywighede te maak. Indien jy hier en daar op 'n taalgogga of tegniese gogga afkom, moenie dat hulle wegkom nie. Neem 'n skermskoot of tik vir ons 'n kort boodskap, dan stryk ons daardie goggas uit.

Sakeplein vir besighede

Besighede groei binne netwerke – het jy al joune gekry?

Lys jou besighede

Lys jou besigheid op 'n gids - maklik, toeganklik en gebruikersvriendelik.

Kry vennote

Skakel in Sakeplein groepe met daardie mense wat die meeste waarde vir jou besigheid kan bied.

Bemark

Maak seker dat moontlike klante bewus is van jou produk of diens - and maak dit lonend vir hulle om dit te gebruik.

Wêreldwyd, digitaal en veilig.

Sakeplein vir sakekamers

'n Sakekamer in 'n boks – waar jou lede met mekaar sake doen.

Kommunikeer

Kommunikeer met lede deur middel van boodskappe, nuusitems en eposse - maklik, effektief en goedkoop.

Bestuur lede

Maak seker dat jy altyd op hoogte is van jou lede - nie net in hulle lidmaatskap nie, maar waar hulle aktief is in die sakewêreld.

Vorder gelde in

Minimaliseer die rondslomp van gelde invorder vir jou sakekamer - en laat Sakeplein dit outomaties doen, op die manier wat jou lede pas..

Reël funksies

Om funksies te reël is reeds meer as genoeg moeite - laat Sakeplein jou kaartjieverkope en administrasie hanteer.

Sakeplein is jou netwerk – van netwerke.

Sakeplein vir individue

Bou 'n persoonlike sakenetwerk – in jou gemeenskap

Kry produkte en dienste

Kry hoë-kwaliteit produkte en dienste op goeie advies van jou sakegemeenskap.

Ontwikkel jou handelsmerk

Word bekend aan moontlike sakevennote en werkgewers - en demonstreer jou sterkpunte.

Vergroot jou netwerk

Skakel in by 'n nuwe tipe sakegemeenskap - en gebruik jou nuwe netwerk om waarde te skep en wins te maak.

Vind waarde en wins in jou gemeenskap – plaaslik en internasionaal.